



# education

---

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**RELIGIESTUDIES V1**

**NOVEMBER 2008**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

## **INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A: VERPLIGTEND  
AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde korrek in ooreenstemming met die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1**

- 1.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer. Kies die antwoorde uit die lys wat voorsien word:

Hebreeus; Tora; Halaal; kalbas; Raja-joga; Shembe

- 1.1.1 In die Afrika-kultuur mag die ... gebruik word om water of tradisioneel gebroude bier te drink. (1)
- 1.1.2 Die bestudering en beoefening van die ... word as die teenmiddel teen die bose gesien. (1)
- 1.1.3 Voedsel wat geskik is vir gebruik deur Moslems word ... genoem. (1)
- 1.1.4 Die Ou Testament is in ... geskryf. (1)
- 1.2 Kies uit ELKE groep woorde hieronder die woord wat NIE pas nie. Skryf die woord in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede vir jou antwoord in ELKE geval.
- 1.2.1 Eid; Deepawali; Kersfees; Vrouedag; Joom Kippoer ('Yom Kippur') (2)
- 1.2.2 Ayodhya; Nagasaki; Betlehem; Mekka; Moria (2)
- 1.2.3 Muhammed; Krishna; Jesus Christus; Moses; Abraham (2)
- 1.2.4 Koran; Tanach; Vedas; Odysseus; Kitab-i-Aqdas (2)
- 1.3 Definieer die volgende begrippe in die religie-konteks:
- 1.3.1 Geloofsoortuiging (2)
- 1.3.2 Ideologie (2)
- 1.3.3 Vergelykbaarheid (2)
- 1.3.4 Mite (2)
- 1.4 Noem die DRIE hoofvertakkinge van die Christendom. (6)
- 1.5 Beskryf die *Wet van Karma* kortliks. (6)
- 1.6 Noem TWEE geloofsoortuigings wat die Judaïsme, die Christendom en Islam met mekaar gemeen het. (6)
- 1.7 Verduidelik die begrip *Nirvana* in die Boeddhistiese filosofie. (4)

- 1.8 In watter boek word die meeste van Baha 'ulla se leerstellings gevind? (2)
- 1.9 Verduidelik, in DRIE sinne, die term *ubuntu* soos dit op die Afrika Tradisionele Religie van toepassing is. (6)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

- 2.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Die humanisme is 'n groep filosofieë wat sê dat mense nie bonatuurlike hulp nodig het om te weet wat reg en verkeerd is nie. Hulle kan dit vir hulleself uitklaar deur hul verstand te gebruik. Ons kan twee vertakings van humanisme onderskei, naamlik religieuse humanisme en sekulêre humanisme.

[Aangepas uit: *Religiestudies Graad 12*, deur Steyn et al, bl. 202]

- 2.1.1 Definieer, in jou eie woorde, die TWEE vertakings van humanisme in die uittreksel hierbo. (4)
- 2.1.2 Noem VIER kenmerke van sekulêre humanisme en vergelyk ELKE kenmerk met die geloofsoortuigings van enige EEN religie. (16)
- 2.2 Hieronder volg van die regte wat in die *Universele Deklarasie van Menseregte* genoem word.

Elke mens het die reg op:

1. Vryheid van diskriminasie
2. Lewe, vryheid en persoonlike veiligheid
3. Gelykheid voor die reg
4. Gemeenskapverpligtinge wat noodsaaklik vir vrye en volle ontwikkeling is
5. Beregtiging deur 'n bekwame regsbank
6. Vry beweging in en uit die land
7. Huwelik en 'n gesin
8. Eiendomsbesit
9. Vryheid van geloof en religie
10. Vryheid van mening en inligting
11. Opvoeding
12. 'n Sosiale orde wat menseregte veronderstel

Bespreek die rol van 'n verskeidenheid religieë in die Suid-Afrikaanse stryd om menseregte. Om jou antwoord te ondersteun, kies enige VYF van die menseregte hierbo en gee voorbeelde.

(30)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 Lees die twee uittreksels hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Armoede is pyn; dit voel soos 'n siekte. Dit val 'n mens nie slegs materieel nie, maar ook moreel aan. Dit vreet 'n mens se waardigheid weg en dryf jou tot totale wanhoop.

[n Arm vrou in Monrovië]

Armoede is soos om in 'n tronk te lewe, om in slawerny te lewe en te wag vir die dag van vryheid.

[n Jong vrou in Jamaika]

Soos hierbo genoem, is armoede 'n universele probleem.

Stel 'n plan van aksie saam om armoede in jou gemeenskap te voorkom en te verlig. Jou antwoord moet na die geloofsopvattinge en praktyke van ten minste TWEE religieë verwys.

(20)

3.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Histories het die wetenskap in 'n komplekse verhouding tot religie gestaan; die wetenskap het oorheersend met empiriese objektiwiteit, feite, afleidings en voorspellings te make. Religie berus in 'n groter mate op geloof en op Bybelse openbaring, die Koran en ander heilige tekste van talle religieë.

Religieuse leerstellings en motiverings het soms die ontwikkeling van die wetenskap beïnvloed. Net so het wetenskaplike kennis 'n uitwerking op religieuse oortuigings gehad. 'n Algemene moderne siening is dat die wetenskap en religie met verskeie fundamentele aspekte van die menslike ervaring te doen het. Albei (wetenskap en religie) kan in vrede saam bestaan as elkeen op sy eie terrein bly.

'n Ander siening, wat as die konflik-tesis bekend staan, beweer dat die wetenskap en religie onvermydelik veg om oppergesag oor die aard van die werklikheid. Tans word die opvatting gehandhaaf dat (in die kompetisie vir heerskappy van een oor die ander) religie geleidelik, na mate wetenskaplike verklarings magtiger en meer verspreid geraak het, die oorlog teen die wetenskap verloor het. Maar nie een van hierdie twee sienings gee voldoende rekenskap van die verskeidenheid interaksies (in die verlede sowel as die hede) tussen die wetenskap en religie nie – interaksies wat strek van antagonisme en skeiding tot noue samewerking.

Hierdie soort interaksies wat tussen die wetenskap en religie kan ontwikkel, is soos volg geklassifiseer:

1. **Konflik:** wanneer enige een van die twee dissiplines dreig om die wettige belange van die ander oor te neem.
2. **Onafhanklikheid:** om mekaar as volkome aparte terreine te behandel.
3. **Dialog:** stel voor dat die twee terreine iets vir mekaar te sê het oor verskynsels waar hulle belange oorvleuel.
4. **Integrasie:** probeer om die twee terreine in een enkele diskoers te verenig.

Kies enige EEN religie en verduidelik die response daarvan op die evolusie-teorie.

(30)  
[50]

#### VRAAG 4

4.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Siddhartha Gautama, die Boeddha, het ongeveer 483 VHJ gesterf. Hy het talle toegewyde volgelingen agtergelaat. Volgens die Boeddhistiese geskiedskrywing, het 'n groep van sy toegewydste dissipels bymekaar gekom om hul meester se leerstellings te bespreek en vir die nageslag te bewaar. By hierdie Eerste Konsilie is die Boeddhistiese leerstellings deur Ananda, Boeddha se mees intieme dissipel, voorgedra, deur groepe monnike gememoriseer en mondeling as die Tripitaka (die Drievoudige Kanon) oorgelewer. (Hierdie leerstellings is eers teen die einde van die eerste eeu VHJ, nadat Theravada Boeddhisme in Sri Lanka gevestig geraak het, as tekste opgeskryf.) Boeddhistiese geleerdes beweer dat die dissipels teen daardie tyd al sterk van mekaar verskil het oor die betekenis en interpretasies van die Boeddha se leerstellings. Toe die dissipels amper 'n honderd jaar later met die Tweede Konsilie bymekaar gekom het, het die onderlinge verskille so groot geword dat hulle in twee vertakings of skole verdeel het: die Mahasanghika-skool en die Sthaviravada-skool.

Die navolgers van die Mahasanghika-skool het geglo dat as die Boeddhisme wou groei en deur Indië na ander wêrelddele wou versprei, dit bereid moes wees om te verander. Om hierdie rede is hulle as die meer liberale skool gesien. Die Sthaviravada-skool was aan die ander kant as meer ortodoks gesien. Hulle het geglo dat die leerstellings van die Boeddha streng nagevolg moes word en onveranderd moes bly. Onder die heerskappy van koning Ashoka, wat in 273 VHJ begin het, het die Boeddhisme baie invloedryk in Indië geword en deur Indië en na Sri Lanka versprei. Na hierdie tydperk van sterk groei en van toenemende verskille in denke, het die Boeddhisme gedurende die eerste en tweede eeue HJ in twee duidelike denkrigtings ontwikkel. Denkers wat die meer hervormingsgerigte leerstellings ontwikkel het en meer volgelingen aangetrek het, het na hulle stelsel as 'Mahayana' ('die groot voertuig') verwys. Hulle het na die meer konserwatiewe en ortodokse leerstellinge as 'Hinayana' ('die klein voertuig') verwys.

[Aangepas uit: *Focus on Religion Studies Grade 12*, deur Donne R. et al.]

- 4.1.1 Beskryf hoe die Boeddhistiese normatiewe tekste na die dood van die Boeddha ontwikkel het. (6)
- 4.1.2 Wat beteken *VHJ*? (2)
- 4.1.3 Definieer die begrip *liberale skool* in die Boeddhistiese leerstellinge. (6)
- 4.1.4 Definieer die begrip *leerstelling* in die konteks van die uittreksel hierbo. (4)
- 4.1.5 Dink jy dat heilige tekste meer geldig is as mondelinge tradisie? Gee redes vir jou antwoord. (6)

4.2 Lees die volgende TWEE uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

### CHRISTENDOM

Christene glo in die bestaan van 'n opperste en goddelike wese wat 'God' genoem word. Net soos die Judaïsme en Islam, is die Christendom monoteïsties – dit wil sê, dit leer die bestaan van een God. Christene glo egter dat God Homself manifesteer as, of gesien word as drie persone: Vader, Seun en Heilige Gees. Hierdie leerstelling word die 'Heilige Drie-eenheid' genoem.

Eenvoudig gestel, Christene sien:

- God die Vader as Skepper van die heelal;
- God die Seun as Verlosser en Bevryder van die mensdom; en
- God die Heilige Gees as Raadgewer en Voorspraak vir Christene.

God die Vader het sy Seun, Jesus, die wêreld ingestuur. Nadat Hy na die hemel opgevaar het, het die Seun die Heilige Gees gestuur. Op sy beurt het die Heilige Gees die kerk die wêreld ingestuur om God se sendingwerk voort te sit.

[Aangepas uit: *Religiestudies Graad 12*, deur Steyn et al.]

### AFRIKA TRADISIONELE RELIGIE (ATR)

In ATR is daar 'n geloof in 'n opperwese of God wat die wêreld geskape het en in 'n geestelike domein lewe. In die meeste vorms van Afrika-religie word God gesien as 'n groot mag wat verwyderd staan van die lewens van mense. ATR leer dat God anderkant die begrip of beheer van mense is. Alhoewel God nie 'n sentrale rol in die Afrika religieuse lewe speel nie, word daar geglo dat God Afrika religieuse kennis en praktyke aan die eerste geslag mense geopenbaar het.

Toe die eerste geslag mense gesterf het, het hulle by die opperwese in die geestelike wêreld aangesluit en die eerste voorouers geword. Die dood van die eerste geslag was die begin van die verhouding tussen die lewendes en die voorouers. In ATR word geglo dat die voorouers die mag het om die lewendes te beskerm, en in die belang van die lewendes met God te kommunikeer omdat hulle in die geesteswêreld leef.

[Aangepas uit: *Focus on Religion Studies Graad 12*, deur Donne R. et al.]

4.2.1 Verwys na die bogenoemde twee uittreksels en vergelyk die Christendom met Afrika Tradisionele Religie wat betref die rol van die godheid/gode in hierdie twee religieë. (20)

4.2.2 Gee EEN woord vir ELK van die volgende frases:

- (a) Geloof in een godheid (2)
- (b) Geloof in meer as een god (2)

4.2.3 Definieer die begrip *hermeneutiek*. (2)

[50]

**VRAAG 5**

5.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

'n Opname wat in 2004 in die Verenigde State deur die 'Media Research Centre' (MRC) gedoen is, het tot die volgende gevolgtrekking met betrekking tot televisie-dekking van religie gekom:

1. Die dekking van religieuse sake het die vorige tien jaar byna verdubbel.
2. Verslaggewers het religieuse sake meestal vanuit 'n sekulêre en politieke perspektief benader.
3. Die aanslag van verslaggewers is meestal vyandig teenoor hoofstroomgelowe, maar gunstiger wat minderheidsreligieë betref.
4. Persone met wie onderhoude gevoer is, is meestal diegene wat hoofstroom-religieë bevraagteken.
5. Die politieke elemente van religieuse idees ontvang die meeste dekking; ander kwessies wat sulke aandag geniet, is vroueregte en die stryd van minderhede, asook kwessies rondom seksuele moraliteit.
6. Geestelike of teologiese kwessies word selde as nuuswaardig voorgestel.

[Aangepas uit: *Religiestudies Graad 12*, deur Steyn et al, bl. 218]

Verwys na bogenoemde bevindings en ontleed hoe die media openbare mening met betrekking tot enige EEN religieuse kwessie beïnvloed het.


(25)



5.2 Bestudeer die kaart hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

### FIGUUR 1: GEBIEDE VAN KONFLIK IN DIE WÊRELD

Sleutel: A = Somalië; B = Palenstina/Israel; C = Sri Lanka; D = Kashmir; E = Noord-Ierland



Kies EEN van die konflikgebiede op die kaart hierbo en verduidelik die rol wat religie in daardie konflik speel. Dui ook aan hoe religie tot die oplossing van daardie konflik kan bydra.

(25)  
[50]

**TOTAAL AFDELING B: 100**

**GROOTTOTAAL: 150**